


Efesiërs 5:1-8
Okuli - 28 Febr 2016

Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, wees dan navolgers van God. Lewe in liefde, soos Christus ons liefgehad en om ons ontwil sy lewe as offergawe gegee het wat vir God aanneemlik is. Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie. Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle. Dit moet julle weet dat niemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of geldgierig is -want geldgierigheid is afgodery - 'n aandeel aan die koninkryk van Christus en van God het nie. Moenie dat iemand julle met allerlei onwaarhede mislei nie, want daardeur kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is. Met sulke mense moet julle niks te doen hê nie. Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig. Here heilig ons in u waarheid; u Woord is die waarheid. Amen.

Liewe gemeente,
Ons leef in verhoudinge. Die EK in die middel is my eintlike wese. Dis waar ons vra: wie is ek?
Die EK word gedefiniër in terme van verhoudinge: my liggaam, my kultuur, my eie denke, my verlede en toekoms, ens. Sonder die boonste blokkie ("God") bestaan ek net vir myself - alles draai rondom me, I and myself, hier-en-nou, ens. Paulus beskryf hierdie bestaan as "vlees", beheers deur die gees van hierdie wêreld.

Maar toe het God ingegryp en alles verander. Hierdie Christus wat nou in my ingekom het, het my herskep tot 'n nuwe skepping, hervorm met 'n nuwe gees en alle ander verhoudings met 'n heeltemal nuwe inhoud gevul. Paulus beskryf hierdie bestaan as "geestelik". God het oorgeneem en alles geherdefiniër.



Drie hoofstukke lank verduidelik Paulus wat beteken *redding* en *verlossing* en die nuwe *skepping* en die nuwe *geloofsgemeenskap* en die ewige lewe, ens. Dis 'n fantanstiese gedaante verwisseling wat 'n mens ondergaan wanneer jy met hierdie Christus in verbinding kom, ja heeltemal deurdrenk word met die Gees. Seker die belangrikste verse vind ons in hfst Ef 2:8 Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. 9. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. 10. Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het. 13. Nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus.

Waarom spandeer Paulus soveel ink om die kernsake te beskryf? Omdat as Christen alle ander verhoudings 'n nuwe kwaliteit verkry. Julle sal sien, soos julle in die brief voortgaan, Paulus dan ook uitbrei na die verskillende aspekte van ons menswees. Ons teksgedeelte fokus op die nuwe Godseverhouding en "myself"; ek moet nuut dink oor myself, my leefwyse sal verander, ens - waarop ek netnou sal uitbrei. Dan praat hy van die verhouding met die **ander mense**; hy gee aanwysings vir die mees intieme, nou verbintenis met die eggenoot; hy praat van hoe ouer-kind-verhouding verander wanneer ons as Christene oor opvoeding nadink. Hy praat oor werksverhouding tussen werkgewer en werknemer. Waarop hy nie so veel in hierdie brief ingaan nie, is ons verhouding as Christen met die **natuur**. Maar dit doen Paulus wel in ander briewe - Rom 8 of Kol.1. Ons Christene sien en beleef die dinge heeltemal anders ... maar alles hang af van die eerste en belangrikste verhouding met **GOD** "GOD" (verwys eintlik terug na die 1ste gebod: Ek is die Here jou GOD!)

Soos reeds gesê fokus ons nou op die blokkie "myself". In my eie woorde sê Paulus: julle identiteit is nou in Christus verborge. Julle is Naamsdraers van Christus = Christene. **Leef dan nou wat julle reeds is !**

Drie keer word van die liefde gepraat, maar vier keer word na God of Christus verwys. Oorspronklik staan daar: *Leef as nabootsers van God soos beminde Kinders*. Dieselfde bloed van die Vader vloei mos ook in die kinders. Hoe kan die kinders 'n ander natuur aanneem as wat die Vader het? Antwoord: hulle kan mos nie anders as om presies dit met hulle lewe en wese te wees, as wat die Vader is nie!

Laas Sondag het ons van die “diakiosune” gepraat, die *geregtigheid* wat God ons geskenk het; dit is 'n sfeer of ruimte waarbina ons lewe. Ons het gehoor hoe die dikaiosune prakties bewaar word, juis wanneer ons swak is, juis in lyding en swaarkry-tye wanneer daar niks is, waarop ons onself kan roem nie. En vandag word vir ons in drie opsigte verduidelik, hoe hierdie dikaiosune prakties tot uiting kom. Paulus sê: leef toegewyd aan Christus tov (1) liefde, (2) besittings en (3) taalgebruik.

I

Lewe in die liefde... en dadelik gaan Paulus aan: *Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie*. Juis op die gebied waar almal mos van die liefde praat, juis daar waar dit vanselfsprekend behoort te wees dat Christene die liefde daagliks sal uitleef en die huwelik rein en eerbaar sal hou, juis in die opsig moet Paulus harde woorde aan die “heiliges!” rig.

Ek praat die ander dag met 'n Chinees van wie ons ons VW Golf motor gekoop het en wat geïmigreer, waarom hy glad nie in godsdiens belangstel nie. En sy antwoord was kort en kragtig: “Mense wat kerk / moskee / tempel toe gaan, doen al die verkeerde dinge wat hulle sê hulle nie behoort te doen nie. Hy glo nie een van hulle meer nie.” Ai, het ek net by myself gedink, ek wens ons het die tyd gehad om oor die kernaangeleentheid te praat, maar sy uitspraak het my nogal getref. Dit is inderdaad 'n voortdurende uitdaging om te *doen* wat ons *glo*.

Hoe gaan dit by jou in die huis? Vra maar predikante of mediese dokters watter onsettende leed en onreg ook Christene mekaar binne die huwelik aandoen. Hoe is dit dan moontlik dat juis dáár waar hemelse vreugde bedoel was om ervaar te word, juis *die huwelik* wat 'n afbeelding van die lewendige verhouding tussen Christus en sy heilige kerk is - soos Paulus aan die einde van hoofstuk 5 verder verduidelik - juis dáár is die broeiplek van onsedelikheid, afguns, wraakgedagtes en allerhande ander bouse gedagtes wat dan tot dade lei. Graag wou ek die hele preek, ja 'n hele dag of week net aan die huwelik bestee want osn weet mos dat die duiwel juis op die huwelik mik om dit af te breek, om wat mooi en eroties is te besoedel, om dit waaruit nuwe lewe ontstaan met sy donker deurmekaarmaakende magte af te kraak.

Toegewydheid is die kernwoord van hierdie preek. **Leef toegewydheid** aan God impliseer mos toegewydheid aan sy Woord, toegewydheid aan sy gemeente en vanselfsprekend toegewydheid aan die mense wat God aan ons toevertrou het. Mense wat nie toegewyd is nie, wat nie betrokke is nie, het nie 'n saak nie; hulle is toeskouers, hulle hou van toneelspeel en van afsydigheid; hulle kritiseer graag, kla en gaan te kere, maar lewer selde enige opbouende insette. Hulle laat hulle deur ander beginsels lei: die beginsels van ek, ek en nogmaals ek; beginsels soos pure genot. (Dit word bevestig deur talle hedendaagse skrywers wat na ons westerse, kapitalistiese verbruikersmentaliteit verwys waar dit veral gaan oor kitsoplossings, eie regte en vermaak)

Maar julle wat julle deur **die Gees van God** lei, laat julle weer met die Gees vul - hier in die eredienste, deur die Woord, deur die nagmaal, deur die gemeenskap van gelowiges, deur die diens aan mekaar - en gaan heen en leer dit om julle eggenote weer van harte ne met toegewydheid te bemin. Laat die liefde van Christus weer in julle huwelikslewe gestalte kry! En net deur toegewydheid, om deur dik en dun getrou aan mekaar te bly, sal julle die geheim van die huwelik ontdek en vervulling ontvang waarna mos elkeen smag.

II

Toegewydheid aan Christus beteken ook eerlikheid t.o.v. besittings (dis deel van die natuur-blokkie op ons skets). Gierigheid is die wortel van alle kwaad, sê die Bybel op talle plekke - en dit geld ook tov rykdom en eiendom. “Ek wil méér hê”, is die motiveering vir ongelowiges. **Ek het alles in Christus**, sê die gelowige - die ene wat aan Christus toegewyd lewe. Ek wil meer hê omdat ek behoeftes het, omdat my lewe leeg en doelloos is, omdat ek jaloers is op ander wat het, omdat ek geleenthede sien om myself te verryk.

Paulus wil hier nie dadelik die vermaanende wysvinniger oplik en alle bouse gedagtes verban nie omdat hy weet dit is gelykstaan tot afgodery, maar hy wil by uitstek uitnooi om toegewyd aan Christus te lewe. *Strewe allereers na die Koninkryk van God en sy geregtigheid en al hierdie ander dinge sal vir julle gegee word* - sê Jesus. Om in die regte verhoudings met besittings te staan, om geld en eiendom rég te hanteer, is dit nodig dat ons innerlike afstand kry. In hierdie opsig roep Paulus weer uit om na Christus te kyk wat Homself vir ons geheel en al gegee het as offergawe, sodat ons in Hóm alles sou ontvang wat lewensvervulling en ewige saligheid betref.

En as ons na ons Sondagkollekte kyk? Laat ook dit 'n weerspeeling wees van 'n gemeente wat toegewyd en in oorgawe aan Christus afstand van hulle besittings kan neem, en daarop kan vertrou dat waar ek dankoffers weggee, die Here my ook op ander maniere sal vergoed! As ek dan in die verlede volgens die beginsel "ek wil meer hê" geleef het, dan van nou af met die wete: ek is ryklik begenadig - en daarom kan ek ook gee.

III

Nog 'n derde uitwerking word in ons teks vermeld hoe die toegewydheid aan Christus ons optredes beïnvloed: taalgebruik. *Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle*. Opvallend is die voorskriftelike toon van Paulus; amper sou ons sê: wetties aard. En wie wil nou in ons verdraagsame lewe homself iets laat voorskryf? Verloor ons nie ons humor en vrolikheid wanneer iemand met wette en voorskrifte kom nie? Beslis nie. Paulus wil juis die kwaliteit van ons taalgebruik bevorder. Ook ons woordeskat moet deur die Genade van die Here geheilig en gesuiwer word. En dit gaan nie oor die hoeveeldheid woorde of die presiese formuleeringe, maar oor die gesindheid en opregtheid van ons kommunikasiemedium. Taal is 'n magtige wapen wat ten goede of ten kwade van die mensdom gebruik kan word. Luther se verklaaring tot die agste gebod druk dit baie treffend uit: Ons moet ons naaste verskoon, goed van hom praat en alles tot sy voordeel vertolk.

As voorbeeld kan ek myself noem wat ook daarop gesteld is. Maar ipv om aanhoudend net daaropgesteld te wees om net alles korrek te sê, wil ek graag ook net myself wees. En soms raak ek ook kwaad. So 'n rukkie gelede het ek met my tuinwerker 'n yskas gedra en vir hom mooi verduidelik waar om vas te hou. En toe gebeur dit dat hy skielik aan 'n stuk plastiek ipv die ysterraam vashou - en die plastiek breek toe af. Toe glip ook 'n lelike woord uit. Maar dadelik vang ek myself en sê vir myself net: ek moet oppas - want deur wat ek sê, oefen ek myself in woordeskat. So veel makliker is dit om by 'n volgende geleentheid nog erger vloekwoorde te gebruik, want "almal doen dit mos", nie waar nie? Nee, nie julle nie(!), vermaan Paulus. Julle taal weerspiël julle wese. Laat dit toegewyde taalgebruik wees wat met liefde gevul is. Soveel vir hierdie drie aspekte.

Wat ons dus hier in die brief aan die Efesiërs te hoore kry, is 'n praktiese toepassing van die Evangelie: "*Ek druk dit julle op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.*" Julle, wat julle self Christene noem, is mos deur die almagtige God geroep. Julle is deur die doop in Christus, julle is nuwe mense, bevry vir God. Julle weet mos: God het julle met alle hemels seëninge ryklik toegrus om hier in hierdie wêreld, wat deur Paulus beskryf word as "bose, goddelose tyd", as Kinders van God met geloofwaardigheid op te tree - leef dan julle geloof uit! Dink daaraan wat God alles vir julle gedoen het, en maak dan van hierdie gawes en talente gebruik om te dein soos Christus ons gedien het.

Anders gestel: God se bloed het in die Seun van God, Christus, se are gevloei; Hy het die wil van die Vader volbring. En só is dit ook met ons wat wedergebore is. Ons leef "in God", "in Christus". Sý Gees regeer en bestuur nou ons gedagtes en gevoelens. Ons wils- en gevoelskragte moet aan die Gees van God onderworpe wees - dan word die oorwinning van Christus al hoe meer en meer prakties uitgeleef. Dis 'n vernuwingsproses (nie die regverdigingsproses) waar God se Gees en ons eie gees saamwerk. Dus, ons hele wese, ons hele denke, ons gevoel en wilskragte moet deur die bloed van Christus gevoed word wat, simbolies gesproke, in ons are vloei. Dit is die offer waarvan Paulus praat wat voor God aanneemlik is. Amen.

Mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan julle harte en sinne bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.